

Preekvoorligting Sondag 2 September 2018

Skriflesing: Matt 15: 21 – 28

Teksvers: Matt 15: 23, 26

Tema: Christus die Redder vir hulle wat daarvoor bestem is

Die verse uit Matt 15 is nie altyd so maklik om te verstaan nie. Dit voel asof Christus en sy dissipels se optrede vreemd is teenoor die vrou met die duiwel-besete kind. Hoe moet 'n mens dit verstaan?

1. Christus vir die Jode

'n Arm vrou wat in die strate loop en skreeu vanweë haar nood – dadelik verwag 'n mens dat sy aandag van die Here sou kry om haar dan te help. Ongeag haar geskreeu reageer Christus glad nie op haar noodkreet nie. Nie omdat Hy haar nie in haar probleme kon help nie, maar vanweë 'n ander rede nl. “En Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek” (Matt 15: 21, 22). Christus was nie meer in die landstreek van Israel nie en Hy het ook nie nou met Jode te doen gehad nie – 'n baie belangrike openbaring.

Christus was immers volgens die Ou Testamentiese beloftes 'n Jood vir die Jode – Hy was die Messias uit die Joodse volk om dan ook die Jode as volk van God te verlos. Hy was hier op aarde om God se verbondsvolk te red en nie om as “algemene weldoener” rond te gaan nie. Christus het nie gekom vir die heidene nie, maar vir die Jode, die verbondsvolk van God. Hy is daarom “geen algemene eiendom” nie, maar wel “verbondseiendom” en daarom Sy spesifieke optrede teenoor die heidense nie Joodse-vrou soos beskryf in Matt. 15.

2. Christus en die Jode

Die Jode was met Christus as Messias nie tevrede nie. Die gevolg – alles loop uit op dit wat opgeteken is in Luk 23 vers 21 toe die volk by monde van hulle leiers uitroep: “*Kruisig, kruisig Hom!*”. Hier verander alles – nadat Christus aan die kruis gesterf het maar ook uit die dood opgestaan het, het Hy opdrag gegee dat die Evangelie aan *alle volke en nasies* verkondig moet word. Nou is Hy en sy boodskap, nie net meer bedoel vir die Jode nie, maar vir alle volke en nasies. Hieruit duidelik: Christus voor sy dood eers net bestem vir die Jode, maar na Sy dood vir alle mense.

Maar steeds is Hy nie 'n algemene weldoener nie, maar verbonde aan 'n nuwe volk, die Nuwe Testamentiese verbondsvolk. Daarom ook vandag Christus geen helde-karakter, 'n algemene weldoener vir die wêreld soos dikwels verkondig word nie. Hy is die Messias, die Verlosser vir Sy volk, die wat die Vader aan Hom gee. Christus is dus bestem vir 'n uitgesoekte groep, vir die uitverkorenes van God. Al skreeu die wêreld spreekwoordelik ook in hulle nood, Hy is nie hulle redder nie. Hy is steeds soos verkondig in Matt 15:26 die brood van die kinders (nou Nuwe Testamentiese verbondsvolk) en nie vir die hondjies nie (heidense wêreld wat God nie ken nie).

Christus die Redder vir hulle wat daarvoor bestem is, daarom, laat ons as deel van die Nuwe Testamentiese verbondsvolk Hom dankbaar wees deur 'n lewenswyse wat Hom in en deur al ons gedagtes, woorde en dade openbaar. Mag die Gees van God ons daartoe help, want ons is immers deur God se genade in Christus deel van hierdie Nuwe Testamentiese verbondsvolk!